

## AFRONDING van DESIMALE GETALLE

As jy gewone getalle moet afrond, bv.

Benader 683 tot die naaste **Honderd** dan sal jy mos soos volg te werk gaan:

- Omkring die **Honderde**: 6 8 3
- Kyk nou na die getalletjie **regs van** hierdie getal, naamlik die “6”.
- As die getal na die 6 'n **5; 6; 7; 8 of 9** is, word die getal in die **honderde-kolom een meer en die tiene en ene word nul.**  
 **$\therefore 683 \approx 700$**

Kom ons kyk na nog 'n voorbeeld:

Benader 3 497 tot die naaste **DUISEND**:

- Omkring die **duisende**: 3 4 9 7
- Kyk nou na die getalletjie **regs van** hierdie 3.
- As die getal na die 3 'n **1; 2; 3 of 4** is, bly die getal in die **duisende-kolom dieselfde en alle getalle na regs word nul.**  
 **$\therefore 3\,497 \approx 3\,000$**

As ons nou ons fokus verskuif na desimale breuke toe gaan hierdie beginsels presies dieselfde bly.

Jy moet net in gedagte hou dat jy met getalle regs van die desimale komma werk, wat die volgende beteken:

- Met gewone getalle kan jy nulle aan die **linkerkant bysit** sonder om die waarde van die getal te verander, soos 30 of 030 of selfs 000030.
- Met desimale breuke, egter, kan jy nulle aan die **regterkant bysit** sonder om die waarde te verander, bv. 0,03 of 0,030 of selfs 0,0300000.

Ter illustrasie, kom ons doen die volgende voorbeelde:

Rond 1,45 af na die naaste tiende:

- Omkring die **tiende**: 1 , **4** 5
- Kyk nou na die getalletjie **regs van** hierdie 4.
- As die getal na die 4 'n **5; 6; 7; 8 of 9** is, word die getal in die **tiende-kolom een meer en die honderdste en verder word nul.**  
 **$\therefore 1,45 \approx 1,5$  of  $1,50$**

Rond 0,293 af na die naaste honderdste:

- Omkring die **honderdste**: 0 , 2 **9** 3
- Kyk nou na die getalletjie **regs van** hierdie 9.
- As die getal na die 9 'n **1; 2; 3 of 4** is, bly die getal in die **honderdste-kolom dieselfde en alle getalle na regs word nul.**  
 **$\therefore 0,293 \approx 0,29$  of  $0,290$**

Dit is natuurlik baie belangrik om te onthou dat die “tiendes” en “honderdstes” en “duisendstes” ook elkeen hulle eie kolom in die Plekwaardes het.

Dit beteken dat, as jy gevra word om tot by **twee desimale plekke** af te rond, of **na die naaste honderdste**, dit eintlik dieselfde ding is.

Kyk in hierdie verband mooi na die volgende voorbeeld:

Rond 330,429 af na een desimale plek:

- Omkring die **tiende (by een desimale plek)**: 330 , **4** 2 9
- Kyk nou na die getalletjie **regs van** hierdie 4.

- As die getal na die 4 'n **1; 2; 3 of 4** is, bly die getal in die tiende-kolom dieselfde en alle getalle na regs word nul.  
 $\therefore 330,429 \approx 330,4$

iets wat partymaal van jou verwag kan word, is om ALTYD met nulle op te volg na regs, as die vraag gespesifiseer het dat jy tot by 'n sekere aantal plekke moes afrond, soos byvoorbeeld:

Rond 82,596 af na twee desimale plekke:

- Omkring die **honderdste (by twee desimale plekke)**: 82, 5 **9** 6
- Kyk nou na die getalletjie **regs van hierdie 9**.
- As die getal na die 9 'n **5; 6; 7; 8 of 9** is, word die getal in die **honderdste-kolom een meer**. Die probleem is egter dat een meer as 9 tien is, dus moet die 5 in die tiende-kolom ook een meer word, en die finale antwoord is:  
 $\therefore 82,596 \approx 82,6$ , maar die vraag het gesê “twee” desimale plekke, dus is die korrekte manier om die antwoord te skryf soos volg:  
 $82,596 \approx 82,60$

**Doen nou die volgende oefening saam:**

- 1) Rond af tot by die naaste heelgetal: 94,4
- 2) Rond af tot die naaste tiende: 2,98
- 3) Rond af tot een desimale plek: 39,99
- 4) Rond af tot die naaste heelgetal: 9,06
- 5) Rond af tot twee desimale plekke: 62,897